# Die Klou van Rasisme openbaar die ware Fondasie van SA


Deur Mirjam Horak

**Ek het lank in my binnekamer oor Suid-Afrika gebid. Ek het duidelik ervaar dat daar 'n sterk gees van heksery agter al die onheilige gebeure wat tans aan die gang is, skuil. Ek het vader se aangesig gesoek hieroor in gebed.**

**Hierdie is die visioen wat ek ontvang het.** Toe ek gebid het, het God my in 'n visioen, hoog in die lug opgeneem. Vandaar kon ek die poorte van die hel sien oopmaak a.g.v. die talle bloedoffers wat d.m.v. heksery of toordery gedoen is. Daar was baie rituele wat ek voor hierdie hek sien plaasvind het en daarom het dit die poort of hek oopgemaak.

Die rituele is gedoen deur daardie persone wat in die regering aangestel is oor Suid-Afrika. Vanuit hierdie geestelike hek het ek 'n baie lang klou met baie lang naels te voorskyn sien kom.

Die klou het gelyk soos die van 'n baie ou, donker, menslike hand. Ek het gesien hoe hierdie klou met sy naels krap oor die oppervlakte van ons land om sodoende diep slote regoor die land oop te krap. Ek het gesien dat die woord 'rassisme' op hierdie hand geskrywe staan en soos wat dit



**Hoekom bely vir rassisme?**

**Jy wonder dalk hoekom die witmens nou moet bely vir rassime as ons nou self daaronder ly. As Nehemia en Daniel kon bely vir wat hul voorouers gedoen het, kan ons ook. Dit kos jou niks om voor Vader te gaan en te bely wat in ons land gebeur het nie. Ons pluk nou die vugte van wat in vorige geslagte gesaai is. Moenie dat trots jou uit die 'beloofde land' hou nie.**

krap kon ek sien hoe ou, onbehandelde wonde, oopgekrap word in die fondasies van die land. Ek kon sien dat reg onder die oppervlakte daar haat, moord en soveel woede en jaloesie was. Hierdie woede, moord en jaloesie is aangewakker deur die gees van rassisme – dit het wat onder die oppervlakte versteek was oopgekrap, asook dit wat nooit afgehandel en mee gedeel is nie.

**STYG UIT BO-OOR DIT EN BLY STAAN!!**

Hierdie visioen het my baie hartseer gemaak en ek het God gevra wat Hy besig was om te doen? Dit is toe wat ek hoor dat Hy vir my sê: *"In hierdie dae sal ek 'n geestelike weermag oprig wat sal uitstyg bo dit."*

Ek kon duidelik 'n geestelike oorlog in die hemele waarneem. In hierdie oorlog was dit amper asof dit wat geestelik gebeur

© dreamstime_m_13876638

het nou ook die aarde aangeraak het en in die natuurlike realm gemanifesteer het. Ek kon die hordes sien wat uit die hel kom saam met Jésebel en Mammon. God het opdrag gegee dat ons moet opstaan teen hulle.

Ek kon insien dat die toets wat ons moes SLAAG die toets was van oorwinning oor vrees, geldgierigheid, van heksery (beheer, manipulasie) en rassisme.



Mirjam & Warren Horak
www.fatherslove.co.za

God wil Sy weermag neem tot reg bo die oorlog en chaos, om dit in die gees teë te staan. Ek het weer hom hoor sê STAAN! Dit beteken ons moet opstaan en teen hierdie ongoddelike emosies van vrees, geldgierigheid, heksery en rassisme kom.

**DIE BLOED VAN BEKERING**

Ek het aan Jesus gevra: "Hoe kan hierdie klou verwyder word?" Sy antwoord: *"Dit was toegelaat deur die bloed van offerhandes daarom kan dit slegs verwyder word deur MY bloed. My bloed het die hoogste prys vir Suid-Afrika betaal. Bekeer julle van die heksery wat toegelaat is deur julle leiers – vra dat My bloed die sonde sal skoon was en bely dat dit gedoen is."*

Die chaos in ons land sal stop as ons bely dat ons en ons voorouers, die mense toe en nou in beheer van ons land en die wat daarin woon aandeel daarin het en gehad het, op welke wyse ookal. Dan moet ons ophou om daardie gedagtes en emosies te koester, daaroor te praat en aan enige praatjies oor rassisme en dit wat daarmee saamgaan deel te neem.

Ek het gesien dat as ons dit doen, al is dit net 'n paar wat gewillig sou wees om te staan en saam te stem, hierdie klou afgekap sal word en die land en sy mense vry sal kom. Toe het die Here die engel Michael weer vir my in die gees gewys waar hy besig was om te veg vir ons. Hy sal hierdie klou veg en afkap vir ons.

Ons is geroep om saam met Jesus te heers en te regeer in Hemelse plekke - daarom moet ons uitstyg bo hierdie 'oorlog' in die natuurlike realm en vanuit Sy perspektief Suid-Afrika sien.

Ons moet regmaak vir herlewing soos nog nooit te vore nie. Die klou wat alles oopkrap, ontbloot ook die droogte en hongerte in die land. Ek kon die droeë woestynland onder die oppervlakte sien...dit behoort ons aan te moedig want die omstandighede vir herlewing om uit te breek is perfek.

*"...bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken. Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die*



© dreamstime_m_4655992

*hemel aan sy regterhand laat sit het:*
*hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.*
*Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul."* (Efes. 1: 17-23)

*"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan."* (Efes. 6:12-13)

**Herlewing is die sleutel**
Ek het ervaar dat herlewing die sleutel vir die genesing van Afrika se wonde is. Soos wat hierdie 'sleutel' in Suid-Afrika van die een stad na die ander beweeg, bring dit genesing deurdat die mense wat die sleutel dra al langs die diep vore beweeg wat veroorsaak is deur hierdie bose geeste wat die gees van rassisme losgelaat het.

Nie alleen bring dit genesing vir die wonde nie, maar dit bring ook genesing vir die FONDASIES van Suid-Afrika.

Hierdie genesing sal dan oorgedra word na lande soos Zimbabwe, Zambië ens. Regdeur Afrika al die pad tot in Israel. Suid-Afrika het baie, baie diep genesing nodig vir die wonde (in die fondasie) wat a.g.v. apartheid ontstaan het.

**Verandering begin by onsself.** Om 'n verskil te sien moet ons eerste omvergifnis vra, dan sal die res volg. Elkeen moet vergifnis vra vir
- Rassisme
- Haat
- Jaloesie
- Woede
- Elitisme - "Die sienswyse dat sommige individue afkomstig is uit 'n sogenaamde elite – 'n uitgesoekte groep mense met intellek, rykdom, gespesialiseerde opleidingservaring of ander wat oor baie uitsonderlike eienskappe beskik en wie se opinies meer ernstig opgeneem moet word of wie se opinies meer gewig dra."

**Vier engele oor Suid-Afrika**
Tydens gesamentlike gebed het ons die volgende in die gees gesien;
Vier engele is in die vier hoeke van ons land gesien. Die engele het elk 'n trompet gehad waarop hulle geblaas het. Ek het vir die Here gevra hoekom hulle op hierdie trompette blaas?

God se Gees het vir my die mure om ons land gewys. Daar was min tot geen wagters op ons geestelike mure nie. Baie geestelike wagters het gelê en slaap. Die engele het op die trompette blaas om die mense wakker te maak sodat hulle posisies kan inneem op die mure en om te begin bid vir die land.


© dreamstime_m_899205

Ek glo die engele is ook daar om die intersessors bewus te maak van die dringendheid van die situasie waarin Suid-Afrika verkeer.

God gebruik die verskriklike dinge wat op die oomblik in Suid-Afrika gebeur om die wagters wakker te maak. Ons behoort op die mure te wees, besig om te bid en belydenis te doen namens ons leiers en land.

# SA het 'n 'Hartoorplanting' nodig

**Deur Warren David Horak**

**Ek is baie bemoedig deur hierdie woord wat God aan Mirjam gegee in die gedeelte hierbo. Ek kan sien dat God 'n plan het om die planne wat satan vir Suid-Afrika en Afrika het, te verwoes. Ons het egter mense nodig om die stappe in nedergheid, geloof en gehoorsaamheid te neem om so Vader se wil vir die land te laat geskied. Deur saam te staan, saam te bely vir ons land gee ons Vader die  toestemming om namens ons die geveg geestelik te veg.**

Die diep wonde in die fondasie van rassisme waarop Suid-Afrika gebou is, is maar net toegesmeer in 1994. Dit word nou blootgelê. Wanneer dit 'warm raak' om jou, word dit wat ookal in 'n persoon se hart is, openbaar gemaak. Jesus het ook gesê, "dit wat die hart van vol is, loop die mond van oor." Ons kan nou sien dat dit wat in mense se harte was – die woede, bitterheid en rassisme  - maar net al die tyd versteek was. Hierdie is die valse fondasies vir ons nasie.

**'n Hartoorplanting**

Dit is vir my baie duidelik dat Suid-Afrika 'n hartoorplanting nodig het. 'n Ware ontmoeting met die ware God waar die gees van Elia kan kom met versoening soos ons lees in Maleagi 4.

Dit is God se goedheid wat ons na bekering lei.(Mal. 4:5-6); 2 Kor.7:9,10). Die komende herlewing sal in die Kerk begin en nie by die ongelowiges nie. Baie Christene van vandag besef nie dat hulle 'n nuwe hart nodig het nie. 'n Gelowige wat uit die gees gebore is, het 'n nuwe gees maar nie 'n nuwe hart nie. (Eseg. 36: 26-27)



© dreamstime_m_29663716

Ons moet glo dat God die Liggaam van Christus sal lei om die Hart van Vader te ontvang. Sodoende sal elkeen wat in Hom is, in sy volheid en kindskap wandel. Dit is eers na ons hierdie volheid van Vader se hart ontvang het dat ons in eensgesindheid met mekaar kan wandel en die volheid van sy heerlikheid hier op aarde kan manifesteer.

Ons moet ook bid dat die kerk nederig genoeg sal wees om erkentlik te wees en te kan insien dat hulle 'n nuwe hart nodig het. Een van die ergste foute wat ons as kerk kan maak is om te maak asof ons as Christene geen foute het nie en dan ander te wil blameer vir hulle foute. Dit is nie nou die tyd om vinger te wys nie maar om die Here te soek en om ons sonde aan ons te openbaar sodat ons deur sy genade gered kan word.

Mense gaan nie vir 'n hartoorplanting indien hulle nie erken dat daar iets fout is met hulle harte nie. Soos wat omstandighede al warmer raak in Suid-Afrika sal die ware toestand van die Kerk se hart (die fondasie), blootgelê word. Ons sal sien hoe die nasie verander soos wat die Kerk verander word deur Vader se liefde.

**Liefde verander alles**

Hoe kan iemand wat nog nooit Vader se liefde ervaar het, sy naaste liefhê? Hoe kan mense in Suid-Afrika die ou wonde vergewe en vergeet sonder die krag van Sy bloed en genade?

Die harde hart van die kerk en die volk moet verwyder en

verander word deur Vader se liefde. Hierdie is 'n bo-natuurlike werk wat deur die Heilige Gees gedoen word. Wanneer dit gedoen word sal die vrees en woede wat deur die okkulte en heksery veroorsaak is gebreek word en Vader se seëning sal oor ons kontinent spoel.

**Dit help nie om 'n vinger te wys na die regering en na die ongelowiges en sodoende die verantwoordelikheid te verskuif nie.**

Ons moet nou in liefde optree en nie vreesagtig wegkruip nie sodat ons die helende balsem van Gilead kan uitgiet oor die wonde van die wat onderdruk word deur die gees van vrees en woede.

Ons is nie geroep om ons leiers te veroordeel nie, ons moet vir hulle bid en hulle liefhê. Een van die wyses waarop ons hulle kan liefhê is om namens hulle, hulle sondes te bely. (M.a.w. ons bely namens die wat ander met dade, wette, en woorde seergemaak het.)

Dit is waartoe Vader ons in die tyd oproep. Om in nedergheid ons sondes te bely aan ons naaste – daar waar ons bly, waar ons werk ens. Ons is geroep vir die bediening van versoening…. om die mens met mekaar en met God te versoen.

**Ons kan dit doen deur onsself te verneder en teenoor ander rasse ons en ons voorouers se oortredinge te bely.** Ons bou op so wyse brûe tussen rasse sodat ons in vrede en harmonie met mekaar kan wandel en mekaar kan leer ken.

**Aksies wat ons kan neem as wagters op die mure:**

- Om teenoor God namens ons voorvaders, volk, leiers en Kerk ons sonde te bely.
- Belydenis te doen teenoor ander rasse en kultuurgroepe vir rassisme, haar, jaloesie, woede en Elitisme.
- Begin om brûe te bou tussen verskillende rasse van Suid-Afrika. Lees ook die artikel *'Belydenis van die sonde van Rassisme'* op ons webstuiste wat die rol van wit Suid-Afrikaners en die rol van boere verduidelik in Suid-Afrika.
- As jy geroep is as 'n *Wagter op die muur*, moet jy die artikel *'The Blood Soaked Eagles'* lees op ons webtuiste. Die Here rig wagters in hierdie tyd op: www.fatherslove.co.za/blood-soaked-eagles/
- Maak jou grond skoon, dit maak nie saak waar jy bly nie – vind uit op www.fatherslove.co.za/taking-the-land, hoe om die grond wat God aan jou gegee het skoon te maak van bloedvergieting ens. wat moontlik vroeër daar voorgekom het.

**Gebedsfokus:**

**1. Vra vergifnis dat Jésebel (manipulasie) toegelaat is om te regeer in die Kerk en in die regerings van Afrika.**

**2. Vra vergifnis vir okkultiese praktyke/heksery in ons eie lewens, in die kerk en in die regering. Dit sluit vrymesselary, broederbond, voorvader aanbidding in. Bely spesifieke sondes van vrees, ongeloof, selfbejammering, wellus, valse belydenis van sonde, bekommernis, trots, ongeloof, woede, jaloesie, klaery, seksuele losbandigheid, bloedoffers, valse leringe, die eet van kos wat aan afgode geoffer is.)**

**3. Vra Vader om 'n herlewing van ware belydenis en bekering vry te stel (gebrokenheid en goddelike berou, 2 Kor. 7:10) in jou huis, kerk, stad en volk. (Mal. 4:5-6)**

**4. Bid vir Afrika om Vader se hartoorplanting te ontvang.**

**5. Bid die Bloed van Jesus oor die setels van outoriteit in Suid-Afrika.**

**BELYDENIS VIR RASSISME IN SUID-AFRIKA**
**Hiermee is 'n belydenis van rassisme en dit wat daarmee saam gegaan het aan ons bruin en swart bure in Suid-Afrika en Afrika.**

# Belydenisgebed vir Rasisme

……………….Datum.

Vader, Ek wil graag my sonde en die sondes wat my voorvaders gepleeg het teenoor die bruin en swart volkere van Suid-Afrika voor U bely. Ek is 'n ……………. (kultuurgroep) Christen, Suid-Afrikaner, ek is …………(taal) en gebore in …………(dorp of stad) op die ……………… (datum), Ek bely teenoor die swart en bruin bevolkingsgroepe die volgende:

• Dat ons die fakkel van die evangelie laat 'val' het in hierdie land. Toe God wit nasies en sendelinge hierheen gestuur het was ons mislei en ons het van ons nasionaliteit 'n afgod gemaak en i.p.v. om verandering na die kontinent te bring, het ons onderdrukking gebring.
• Vergewe my en my voorvaders dat ons julle nederigheid gesien het as 'n teken van swakheid i.p.v. om dit te sien as die grootste genade van Jesus Christus.
• Vergewe dat ons, ons voorouers en leiers, julle vaders, moeders, broers, susters en vriende vermoor het. Vergewe ons dat ons julle geslaan het en julle op soveel verskriklike wyses fisies en of emosioneel seergemaak het.
• Vergewe ons dat ons op enige wyse van julle gesteel het.
• Vergewe ons dat ons skaam was vir julle en dat ons julle as ons geestelike kinders misbruik het. Vergewe ons dat ons julle vervloek het d.m.v. ons koloniale stelsel.
• Vergewe ons dat ons skynheilig was en ons nie gedra het soos ware Christene nie, vir die swak voorbeelde wat ons gestel het van Christelike meegevoel en liefdadigheid.
• Vergewe ons dat ons agter God se heilige naam weggekruip het en al hierdie verskriklike dade teen sy skepping gepleeg het. Vergewe ons vir die sonde van apartheid en al die dinge wat daarmee gepaardgegaan het.
• Vergewe ons dat ons gedink het dat ons in elke opsig beter as julle is.
• Vergewe ons dat ons julle vervloek het in woord en gedagte en in daad.
• Vergewe ons as wit mense dat ons julle op die plase onderdruk het, by die werkplek en selfs waar julle gebly het. Vergewe ons vir salarisse wat nie genoeg was om van te lewe nie. Help ons om dit reg te stel asseblief.
• Vergewe ons dat ons julle mislei het en op soveel maniere vir julle gejok het.
• Vergewe ons dat ons julle gesinne opgebreek het deur vaders en moeders weg te neem van hulle gesinne.
• Vergewe ons dat ons altyd van julle beheer wou neem a.g.v. ons diepgewortelde trots.
• Vergewe ons dat ons nie leerbaar was nie en nie na julle wou luister toe God probeer het om deur julle met ons te praat nie.
• Vergewe ons vir die ongeregtighede en vir ongebalanseerde en onregverdige stelsels in ons howe.
• Vergewe ons vir die wortel van rassisme wat neerkom op ons eie bose trots. Ons, die leermeesters moet nou leer van julle oor nederigheid, verdraagsaamheid en vergewensgesindheid.
• Vergewe ons vir al die pyn, lyding en swaarkry wat julle vanweë armoede moes ly en dat dit deur ons veroorsaak is.
• Vergewe ons dat ons julle ge-etiketeer het as dom mense en kriminele .
• Vergewe asb. elke wit persoon wat jou ooit fisies, geestelik of emosioneel skade berokken het.
• Vergewe ons dat ons julle laat wegdraai het van die evangelie van Jesus Christus. God het alle mense na sy beeld geskape.
• Laastens, vergewe ons asb. dat ons so lank geneem het om opreg te sê dat ons werklik jammer is hieroor. Ek hoop dat elke persoon uit die Afrika kultuur eendag op 'n punt sal kan kom wanneer jul werklik die wit mense van die land kan vergewe. Ek het jul lief as broeders en susters in Jesus en Jesus het jul ook lief. Amen.

© dreamstime_m_3213952